My voete loop na Worcester, waar versoening lewe kry

2012-10-20 06:00

06 NUUS

Worcester 'voorbeeld van ware versoening'

MARLENE MALAN IN WORCESTER
mmalan@rapport.co.za

"Ek het nooit kon dink nie. Olga Macingwane sou my vergewe nie. Maar daar was liefde in haar hart."

Die woorde van die Winburgse bomplanter Stefaans Coetzee is Vrydag op Worcester tydens 'n Versoeningsdiglyweekoms voorgelees.

Coetzee (33), wat 15 jaar gelede saam met drie ander vermeende bomme in die Shoprite-winkelsentrum hier geplant het om brain en swart vrouwe te kilbei, diens 'n vonnis van 20 jaar in die Pretoria-Sentraal-gevangenis uit.

Hy was destyds 18 jaar oud.

Coetzee se brief is voorgelees deur sy "gaste-vriend", mnr. Tshepo Madlingozi van die Khulumani-ondersteuningsgroep vir apartheidsoffers en lektor in die regte aan die Universiteit van Pretoria.

Die geleenthed is deur die Worcester-versoening-en-hoopgroep gereël om die bomontplofling op 24 Desember 1996 te gedenk waarin vier mense dood en 67 beseer is.

Prof Jonathan Jansen, rektor van die Universiteit van die Vrystaat, het na Worcester gereis "omdat die diep 'n voorbeeld is van hoe ware versoening moet werk".

Madlingozi het geal by het alles probeer om Coetzee op parool vrygelaat te kry om self sy sonde op die hoeveelheid te sien, maar het nie.

"Daarom lees ek nou sy brief voor. Dis my pasiënt Stefaans Coetzee, met wie ek goed bevriend geraak het nadat ek aanvanklik voorgepreekte idees oor hom gehad het, maar vrygelaat word."

Madlingozi het geal by het Coetzee ontmoet nadat die apartheidsmisdadiger Eugene de Kock die twee in 2008 in aanraking met mekaar gebring het.

"Ek was skepties, sinies. Ek was reg om met Stefaans te bakkie, het 'n tipiese rassis verwag. En daar ontmoet ek tot iemand heelhoud anders – dieselfde ouderdom as ek; skaam, ordelig.

Stefaans Coetzee | FOTO: KHULUMANI.NET

Mnr. Tshepo Madlingozi van die Khulumani-ondersteuningsgroep. | FOTO: MICHAEL HAMMOND

"Ná 'n lang gesprek was ek oortuig van sy opregtheid.

"Stefaans het nooit gevra die slagoffers moet hom vergewe nie. Hy versoek om hulle om verskoning te vra, was onvoorwaardelik."

Coetzee rig sy brief aan "die slagoffers, die gemeenskappe en my familie".

"Sedert my vroegste kinderdae het ek sy pirk in die son probeer vind.

"Tik het gedink wat ek gedoen het, was reg," skryf Coetzee.

Maar sy jare agter tralies het hom laat sadisk.

SA en die wêreld het dié storie nodig

"Die die twee bomme wat nêl ontplof het nie wat ons vandag ruimte gee vir versoening," het prof. Jonathan Jansen, Rovsie-rektor, Vrydag op die Worcesterse versoeningsdagbyeenkoms gesê.

Van die vier bomme wat vier vergeses in die Shoprite-winkelsentrum geplant het, het twee ontplof.

"In daardie ruimte staan mev. Olga Macingwane, wat ons eys hoe vergifnis werk toe sy aan Stefaans Coetzee gesê het: "When I see you, I see my sister's son in you. Therefore I cannot hate you. Come here, my boy!" "

Jansen het dié woorde van Macingwane aan Coetzee, toe sy hom ontmoet het, ontleed.

"Versoening is harde werk: Jy word me soos die oortreders nie. Jy sien, soos Olga, die goeie in jou oortreder."

Volgens Jansen is Suid-Afrika 'n land vol wonde.

"Die afgelope twee jaar was besonder moeilik. Ek het nooit gedink ek sou die woorde 'Kill the Boer' hoor nie, nooit gedink in Suid-Afrika sou 'n man soos Robert Mugabe ondersteun word nie, nooit gedink die Dalai Lama sou nie hier toegelaat word nie, nooit gedink sóól parlementêrs sou stem vir die intrigingswet nie. Suid-Afrika sal die wêreld het die storie van Worcester nodig."

"Ek het opregte berou. Dis nadat ek my lewe in 2007 aan God oorgegee het dat die begeerte in my hart gebore is om om verskoning te vra."

Coetzee het nie gevra om die vermeende slagoffers, Macingwane, moet na hom kom.

"Ek het nooit verwag sy sou my vergewe nie, maar daar was liefde in haar hart. Ek glo God het 'n plan vir my lewe."

Macingwane het aangedui sy verkies dat Coetzee vrygelaat word "om saam met my te werk".

→ Lees ook die artikel op bl. 3 van Rapport2

Die berig wat in November 2011 in Rapport verskyn het nadat Stefaans Coetzee vir Olga Macingwane om vergifnis gevra het.

'n Projek in Worcester kan Suid-Afrikaners baie leer oor politieke versoening, skryf Leon Wessels, eertydse Nasionale Party-kabinetslid wat deesdae aan die Internasionale Instituut vir Studies in Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid by die Vrystaatse Universiteit verbonde is.

Sedert ek prof. André Keet, direkteur van die Internasionale Instituut vir Studies in Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid (Die Instituut) by die Universiteit van die Vrystaat, in Augustus vanjaar na Worcester in die Wes-Kaap vergesel het, neurie ek aanmekaar "My voete loop na Wellington, maar ek gaan Worcester toe ..." Ons is soontoe op uitnodiging van die Worcester Hoop- en Versoeningsproses (WHVP).

Met ons aankoms trap Claude Schroeder, voorsitter van die WHVP en iemand met 'n onkreukbare struggle-verlede, ons gemaak kwaad vas omdat ons laat is: "Wie dink julle is julle om twee burgemeesters so te laat wag?"

Ons stotterende verskoning, "Ons kom van ver en uit verskillende windrigtings; André van Bloemfontein en ek van Krugersdorp" val op dowe ore, want ons is reeds tussen die gaste. Die

stuk of twintig mense groet ons versigtig. Dis gou duidelik dat almal nie dieselfde pad – letterlik en figuurlik – gestap het om teenwoordig te wees nie. Elkeen dra ’n stukkie van ons land se gepolariseerde verlede. Elkeen dra sy eie stukkie hoop op ’n beter toekoms.

Schroeder verduidelik: “Ons maak vanaand kennis om die etenstafel. Môre is die groot vergadering.”

Almal word welkom geheet deur die twee burgemeesters: Basil Kivedo van die Breedevallei-munisipaliteit, ’n voormalige soldaat van umKhonto weSizwe (MK) en lid van die MK-veterane se hoofbestuur, en Neels de Bruin van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, deurwinterde dienaar van verskillende plaaslike regerings, eers as stadsklerk en later as verkose raadslid.

Tussen die beleefde geskerts pla dit my dat ek nie die mense om die tafel se gedagtes kan peil nie. Die paaie waarlangs elkeen gekom het, is aan my onbekend. Miskien gaan die vergadering antwoorde bring.

Helaas, dit gebeur nie. Ons verlede is te kompleks om eensklaps opgeklaar te word. Ná tien jaar diens by die Menseregtekommissie het ek gedink ek ken die land. Worcester stuit my – ek het nog baie om te leer.

Die aand voor Kersfees van 1996 ontplof drie bomme by ’n inkopiesentrum op Worcester. Vier mense sterf en 67 word beseer. Ses mense van ’n verregse groepering word later vir lank tronk toe gestuur vir die plant van hierdie bomme. Een van hulle, Stefaans Coetzee, was maar 18 jaar oud. In die tronk kry Eugene de Kock, wat in die tronk is weens dade gepleeg as polisie-offisier tydens ons gewelddadige verlede, vir Coetzee voor stok oor sy ras-meerderwaardige houding: “Jou rassisme hou jou in fisieke en geestelike tronke. Jy moet daaruit! Hou op om te glo jou wit vel maak jou beter as ander.”

Coetzee wroeg hiermee en ook met sy ou idees. Hy kom tot ander insigte. Danksy bemiddeling deur De Kock en Marjorie Jobson, direkteur van die Khulumani-ondersteuningsgroep vir 58,000 slagoffers van politieke geweld, ontmoet Coetzee in November 2009 gemeenskapsleiers en slagoffers van die Worcester-bomme. Hy staan Olga Macingwane, Harris Sibeko, Nobantzi Ndamoye en Gertrude Louw in Pretoria-Sentraalgevangenis te woord.

Macingwane vertel later hoe geskok sy was toe hulle Coetzee ontmoet. “Wat het hier gebeur? Jy is dan ’n seun.” Macingwane vra om te bid. Coetzee vertel sy verhaal en vra vergifnis. Vrae word gevra: Hoe het jy geleer om swart mense te haat? Hoe het jy geleer om afstand te doen van jou haat? Ná twee ure omhels Macingwane en Coetzee mekaar. “Ek hoor wat jy sê. Ek vergewe jou!” Sibeko praat ook: “Ons kan hom nie ’n moordenaar noem nie. Kom ons noem hom ’n militêre operateur.”

Oor hierdie ontmoeting is baie geskryf. Belangriker is dat daar nou baie gedoen word om brûe te bou oor die ou verdelings.

In Januarie 2010 ontmoet verteenwoordigers van Worcester en Zwelethemba-township mekaar in die NG kerk. Macingwane en Sibeko doen verslag oor hul besoek aan Coetzee. ’n Loodskomitee word gestig om planne te maak vir restitusie en maniere om saam vorentoe te trek.

Wanneer hierdie uiteenlopende groep bymekaar kom, dan p-r-a-a-a-t hulle. Hulle herinner my aan daardie eerste dag by Kodesa in Desember 1991 toe ons almal opgewonde bymekaargekom het om saam te besin oor die pad vorentoe.

***1996**: Speurders soek tussen die puin na leidrade oor die bomaanval. Net brokstukke het oorgebly van die sement-vullishouer waarin die pypbom ontplof het.*
Foto: Media24-argief

Die WHVP verteenwoordig verskillende kerkgenootskappe, verskillende gelowe, hulle lyk nie dieselfde nie, behoort nie aan dieselfde politieke party nie en praat nie dieselfde taal by die huis nie. Daar is verteenwoordigers uit die geledere van boere, sakeleiers, regsgeleerdes, medici en gemeenskapsleiers. Tot nou het die WHVP as ’n losse beweging gefunksioneer. Dit word nou verander met die aanvaarding van ’n grondwet. Daarmee sal die WHVP op vaste grondslag funksioneer.

Dié wat aan die ontvangkant van ontploffende bomme gestaan het, laat my wonder: “Hoe sou ek opgetree het indien ek die byt van die bomme aan my lyf gevoel het?”

Floris Brown, bekroonde digter en aktiewe lid van die WHVP, skryf dat hulle versigtig werk met die verlede, want hulle bou stap vir stap ’n toekoms vir komende generasies.

Jongmense dra swaar aan die ou politieke en rassebagasie. Dis onbillik. Ek loop twee jongmense raak. Hul storie is merkwaardig dieselfde. Die een wil graag politieke kommentaar lewer, maar is bang sy velkleur maak dat mense hom sal uitkryt as ’n rassis. Die ander is vies omdat van hom verwag word om lojaal te wees aan ’n politieke party wat vir sy vryheid gestruggle het. Elkeen het menings van sy eie en wil nie in ’n kassie gedruk word bloot op grond van sy velkleur nie.

Dr. Deon Snyman, een van die ankermanne in die WHVP wat namens die Restitusie-stigting belangrike ondersteunende werk vir die WHVP lewer, is nou met ’n M.Phil-verhandeling besig om die geskiedenis van die WHVP op te teken en ernstige vrae te vra met die oog op lesse vir ander gemeenskappe.

Volgens Snyman se navorsing is dit ’n voorvereiste dat daar effektiewe kommunikasie tussen opponerende groeperinge moet wees. Saam moet hulle werk om strukturele ongelykhede tussen die gemeenskappe uit te wis. Die vraagstukke waarmee Snyman se gespreksgenote worstel, is nie uniek nie; hulle hunker na ’n beter lewe, ’n stukkie van die omgewing se welvaart en gehalte-onderwys vir hul kinders. ’n Land waar mense mekaar respekteer en misdadige boosdoeners gevang en gestraf word.

Juan Kariem, dinamiese aktivis wat as sewentienjarige vir die eerste keer aangehou is, het uitgereik en vrede gemaak met die lede van die destydse Veiligheidspolisie wat hom tydens sy aanhouding gemartel het. Kariem vertel hoe hy tydens sy talle aanhoudings krag geput het uit die woorde van die MK-vegter Solomon Mahlangu toe hy in Pretoria tereggestel is vir sy rol in die dood

van twee mense tydens ’n skietgeveg in Johannesburg. Toe Mahlangu na die galg gelei is, het hy “Nkosi Sikelel’ iAfrika” gesing en gesê: “My blood will nourish the tree that will bear the fruit of freedom. Tell my people I love them and they must continue the struggle.”

Nou is Kariem ’n gerespekteerde gemeenskapsleier wat hard werk om brûe te bou tussen verskillende gemeenskappe, belangrike werk doen met bendelede en die plaaslike polisieforum. Dit bekommer hom dat, ten spyte van politieke mag in hul hande, die materiële aspirasies wat hy en sy makkers vir hul landgenote koester, steeds nie realiseer nie.

Ek wens mense wil ophou verlang na die ou dae. Dit gaan egter nie gou gebeur nie.

Op dié 2011-foto word Olga Macingwane, een van die slagoffers van die 1996-bom en ’n lid van die
Worcester Hoop- en Versoeningsproses, omhels deur Basil Kivedo, burgmeester van Worcester en ook ’n lid van dié organisasie. Regs is dr. Deon Snyman van die Restitusiestigting en ook ’n WHVP-lid.

In Worcester sien ek ’n viertrekvoertuig met ’n “Worcester All Blacks Supporters Club”-plakker agterop. Dis duidelik; hier gaan dit om veel meer as rugby. Enkele dae later sien ek in Krugersdorp ’n viertrekvoertuig (met ’n jong vrou agter die stuur) met drie plakkers op die agterruit: “100% boeremeisie”, ’n ou landsvlag en ’n Vierkleur van die ou Transvaal. Die plakkers op die twee voertuie vertel die storie – ons is steeds ver uitmekaar.

’n Groepie mans sit in my tuisdorp en kuier. Die gesprek draai om rugby, die nuutste gholf-winskopies en “my dogter vertel hoe lekker dit is om in Melbourne (Australië) te bly – want dit is nes die ou Suid-Afrika”. Ek snork; ek wil nie in Melbourne bly nie en ook nie in die ou Suid-Afrika nie. Hoe lyk die Suid-Afrika waarna sy dogter verlang? Die gegoede Suid-Afrika met boomryke tuine, waterkrane en spoeltoilette, en waar goed versorgde leerders goed toegeruste skole bywoon? Of die arm Suid-Afrika waar daar geen bome in die strate is nie, waar mense ver moet loop om ’n waterkraan met ander te deel, en waar daar nie ’n enkele spoeltoilet by die skool is nie en onderwysers daagliks in groot getalle van die skool af wegbly?

Ek het geen probleem met mense wat buiteland toe trek nie – hulle doen ten minste iets omtrent hul ongelukkigheid – en veral nie diegene wat slagoffers van misdaad was of om professionele redes wil trek nie. Globalisering en die mobiliteit van kundigheid het die wêreld ’n baie klein plek gemaak. Alle lande het ’n behoefte aan kundigheid en hulle trek dit eenvoudig van waar hulle dit ook al kan kry.

Dit maak van ons Suid-Afrikaanse emigrante wêreldburgers omdat daar net soveel geleenthede elders in die wêreld is om jou talente uit te leef. Tog was ek in November 2007 op ’n vlug na Perth ontsteld toe ’n emigrant luidkeels aankondig: “Welkom in Perth – hier is geen slaggate of misdaad nie.” Vir dié man was dit ’n groot grap; hy was bly hy kon wegtrek van Suid-Afrika se ellendes.

Vir my is dit ’n skoot koue water in die gesig, want dit is “my slaggate” en “my misdadigers”. Ek voel nie trots op “my vraagstukke” nie en is baie bekommerd omdat ons dit nie opgelos kry nie.

Ek kan nie trek nie, en om te trek is in elk geval vir my en duisende ander Suid-Afrikaners geen oplossing nie. Ons wil hier bly en antwoorde vind.

Al die antwoorde is nie in Worcester te vind nie. Dit is egter ’n goeie plek om te begin as jy met die landsvraagstukke wil worstel.

’n Paar opmerkings:
. Versoening is ’n duur woord. Dit word goedkoop gemaak wanneer dit as politiek korrekte woord oor ons lippe rol. Indien dit nie gepaard gaan met ’n begrip (of ten minste ’n ernstige poging om te begryp) van die pyn wat die verlede veroorsaak het nie, rol versoening soos water van ’n eend se rug.
. Eugene de Kock se bemoeienis met Stefaans Coetzee oor sy rasse-meerderwaardigheidsgevoel roep my tot orde; dis tyd dat ek my ou vooroordele oor De Kock én Coetzee laat vaar. Pres. Jacob Zuma en die departement van justisie behoort hul sokkies op te trek en die onafgehandelde amnestie-aansoeke op hul lessenaars af te handel. Daardie hoofstuk moet nou afgesluit word. Mense wat kwalifiseer, moet toegelaat word om hul versoeningswerk buite die tronkmure voort te sit.
. Korrektiewe dienste moet gehoor gee aan die WHVP se versoek dat Stefaans Coetzee vir ’n rukkie oorgeplaas word Worcester toe om die ander slagoffers te ontmoet sodat hulle saam die pad vorentoe kan bespreek.
. Politici het die geneigdheid om alles te verpolitiseer en probeer dan altyd om politieke wins daaruit te maak. Gemeenskapsleiers moet plaaslike versoeningsprosesse ter hande neem en hul eie stempel daarop afdruk. Natuurlik is daar plek vir politici, maar hulle moet verstaan dat politiek nie alles is nie en dat alles nie politiek is nie.
. Daar is plek vir almal wat wil saamwerk – Afrikaanse kerkleiers moet voortdurend daaraan herinner word dat hulle belangrike rolle te speel het. Dié wat wil vorentoe, moet nou hande vat. As jy nie jouself kan beweeg om verskoning te vra vir die onmenslikhede van die verlede nie, aanvaar verantwoordelikheid en help om die reste van die verlede ongedaan te maak.
. Kollektiewe berou sonder fyntrap-voetwerk oor die verlede is nooit werklik aangebied nie, want “ons het nie van die euwels geweet nie en die ou dae se dinge was so goed bedoel” verduidelik sommiges steeds. Sulke dikmond-verskonings het baie lede van die WHVP nie beïndruk nie. Dit is verspeelde geleenthede. Om ’n rykmans-tjekboek in die saak te werp, is simplisties en sal nie goeie gesindheid koop nie. Ons landgenote het gehunker na ’n erkenning dat apartheid ons land verskroei het, dat ons dit weet en dat ons as gelykwaardige vennote saam ’n beter toekoms wil bou.
. Ons sukkel om by die toekoms uit te kom, want ons stry nog oor die verlede. Die slagoffers van die verlede onthou al hoe beter, en dié wat daaruit voordeel getrek het, probeer baie hard om te vergeet. Die ou spreekwoord is so waar: “Jy kan klaar wees met jou verlede, maar die verlede is nog nie klaar met jou nie!”

My voete loop na Worcester, want dit lyk my dáár is mense wat weet hoe om saam met die verlede te leef sonder om daaroor te struikel.

Ek wens Olga Macingwane en Stefaans Coetzee se voorbeeld inspireer ander om hul ideologiese brille stukkend te trap en die mens in die ander raak te sien.